



## TEOLOGIESE OPLEIDING – Watter basis?

Die vorige twee uitgawes van Die Skietlood het die filosofiese veronderstellings van die **Histories Kritiese** metode aangedui en die vraag gestel of hierdie benadering enigsins deur gelowiges gebruik kan word. Die beeld wat na vore gekom het, is noodwendig 'n negatiewe een omdat die benadering van dié metode ten opsigte van die Bybel uiters negatief is met betrekking tot die bo-natuurlike.

Daar was daarna versoeke dat die **Histories-Grammatiese** benadering ook ondersoek word. Dit is net billik om die vooroordele en historiese ontstaan van hierdie benadering ook bekend te stel. Die vraag wat beantwoord moet word, is na die moontlike gebruik van hierdie benadering 5 eeue nadat dit ontstaan het. Om die **Histories-Grammatiese** benadering te verstaan en beoordeel, is dit nodig om na die agtergrond, ontstaan en vooroordele van hierdie benadering te kyk.

Die eerste gelowiges het geen krisis ten opsigte van eksegetiese en hermeneutiese ervarings nie. Die betekenis van die tekste was meestal voor die hand liggend. Met verloop van tyd het dit nodig geword om te gaan soek na die betekenis van die teks, veral 'n teks soos dié van Openbaring. Die hermeneutiek (benadering tot verstaan of verstaanswetenskap) van die vroeë kerk het aanvanklik twee benaderings gehad. In Antiochië het die letterlike of direkte sin van die teks, asook 'n tipologiese

benadering (Persone of gebeure in die Ou Testament verwys as prototipes na Christus) geheers. Die groep in Alexandrië het 'n meer allegoriese benadering (persone en gebeure verwys op metaforiese wyse na 'n uitgebreide werklikheid deur middel van verskuilde betekenis) tot die teks verkies.

Mettertyd het die Alexandrynse benadering in die Weste die bo-ton gevoer en is die eksegetiese (hermeneutiek) uitgebrei om 'n benadering te word wat die vielvoudige betekenis van die Bybeltekste aanvaar. Die vroeë kerk het aanvaar elke teks het op vier vlakke betekenis, te wete letterlike betekenis (*sensus historicus*), allegoriese betekenis (*sensus allegoricus*), moreel toepaslike betekenis (*sensus tropologicus* of *sensus moralis*) en die geheime of mistiese betekenis (*sensus anagogicus*). Dit is opvallend dat die Jode in hulle benadering tot die Tanag (Ou Testament) 'n soortgelyke vielvoudige betekenisveld veronderstel het. Die vielvoudige betekenisveld het gemaak dat die kerk gou op tradisie begin steun het en dat mense veronderstel het dat alles meer beteken as wat aanvanklik gesien word, dus 'n metafisiese benadering wat tot die 15e eeu sou heers.

In ongeveer 1517 nC het Martin Luther hierdie viervlakke verstaansbenadering verwerp omdat daar selfs verbeeldingryke, verregaande verskuilde betekenis in die allegoriese en mistiese verstaansvlakke “ontdek” is. Dit het daartoe gelei dat mense aanvaar het dat net hoogs opgeleide kenners die

betekenis van die teks kon ontgin. Luther het die Bybel vertaal juis omdat hy oortuig was gewone lidmate kan die betekenis in die teks ontdek. Die Reformasie was 'n hermeneutiese herbesinning wat die Bybel weer as toeganklik vir die lidmaat wou verstaan en aanbied. Luther se "nuwe verstaan" was volgens een geleerde (W Harold Mare) niks meer as net die herwinde verstaansbenadering van die vroegste kerkvaders nie.

Hulle het veronderstel dat elke teksgedeelte een basiese opsigtelike betekenis het wat vasgewortel is in 'n historiese waarheid (werklikheid of gebeurtenis) en hierdie betekenis is volgens die algemene beginsels van menslike taal oorgedra. Mare is daarvan oortuig dat die **Histories-Grammatiese** hermeneutiek noodsaaklik is omdat dit die waarheid in die Bybel onlosmaaklik verbind aan werklike, historiese gebeure wat steeds impakkeer op ons lewens. Gebeure wat ons nou in die Bybel se taal en grammatika kan bestudeer. Hierdie benadering aanvaar gelowig dat God ewige waarhede in persoonlike kontak met die mens openbaar het (in die geskiedenis) en steeds aan mense openbaar (deur taal). So 'n benadering veronderstel verder dat die waarheid tydloos is en oor tyd heen gedra kan word, geanker in die geskiedenis, heraktualiseer deur taal.

Daar is baie metodes en benaderings wat hierdie **Histories-Grammatiese** hermeneutiese benadering kan ondersteun. Die veronderstellings van hierdie benadering moet net in ag geneem word. Die gewone leser sal waarskynlik min fout vind in die veronderstellings wat voorgehou word,

maar u kan verseker weet dat hierdie veronderstellings deur die kritiese benadering verwerp word. Die volgende veronderstellings is deur Raymond F. Surburg aangedui:

1. Die Bybel in sy geheel is deur God inspireer en moet verstaan word as die Woord van God. Net die Bybel kan gebruik word in die formulering van goddelike waarhede.
2. Net die boeke van die Nuwe Testament en die Ou Testament, boeke van die Joodse sinagoge word verstaan as Bybel boeke. Die apokriewe is met ander woorde nie deel van die Bybel nie en kan nie gebruik word om 'n ewige waarheid uit af te lei nie.
3. Net die oorspronklike teks, in die oorspronklike taal, kan bepalend wees ten opsigte van betekenis. Vertalings kan van hulp wees, maar die Hebreeuse Ou Testament teks en die Griekse Nuwe Testament teks sal die betekenis bepaal.
4. Die Bybel het die finale sê in teologiese sake. Dit is nie die kerk, die pous, die universiteit of die professor wat finaal bepaal nie, dit is die Bybel wat gesaghebbend is (*sola scriptura*).
5. Die letterlike betekenis van die teks is die primêre en eerste betekenis van daardie teks.
6. Die outografiese (*autographon* – die oorspronklike teks geskryf deur die bybelskrywer) teks is die teks wat die meeste gewig dra. Dit het beteken dat daar 'n voortdurende soektog na die mees oorspronklike kopie sal wees. Tekskritiek word daarom 'n noodsaaklike instrument vir die eksegeet.

7. Die boeke van die Bybel is taal dokumente, elk geskryf in 'n sekere genre en die genre moet reg identifiseer word vir interpretasie doeleindes. Literêre kritiek is nodig.
8. Daar is 'n eenheid in die Bybel. Die 66 boeke vorm 'n eenheid met die twee dele (Ou Testament en Nuwe Testament) wat na mekaar verwys. Dit is een God wat een boodskap van saligheid in die eenheid van die Bybel oordra.
9. Die Skrif interpreteer homself. "*Scriptura Scripturam interpretatur*" of "*Scriptura Sacra sui ipsius interpretatur*" verwys daarna dat Ou Testament gedeeltes telkens deur Nuwe Testament gedeeltes verhelder word, dat parallelle tekste gebruik word om minder duidelike tekste te belig en in vergelykende tekste kan onsekerheid oor dubbele betekenis opgehelder word.
10. Die Bybel moet Christosentries verstaan word.
11. Die ware Hermeneut van die Bybel is die Heilige Gees. Eksegese moet derhalwe gelowig, biddend, luisterend verloop. Die gawe van die Gees is noodsaaklik vir eksegese en verstaan van die geloofstekste.

Hierdie veronderstellings stel sekere eise aan die persoon wat die teks ondersoek. Hierdie veronderstellings het geloof in die oog en 'n ongelowige kan nie in vrede en eerlikheid aan hierdie denke toegee nie. Eiewillige menslike rede gebou op menslike rasionele veronderstellings en logika moet 'n tree terug neem en nie wil aanspraak maak daarop dat alle kennis slegs deur (vermeende neutrale) rasionaliteit bekom kan word nie.

Dit moet duidelik gestel word dat diegene wat beweer dat hierdie **Histories-Grammatiese** benadering van 'n mens vra om sy verstand by die deur te los, 'n subtiel onredelike paradoks veronderstel. Die mens met al sy denkvermoë is betrokke by navorsing oor geskiedenis en agtergronde. Taal is 'n komplekse studieveld, soos blyk uit die feit dat 'n taal onder andere 'n woordeskat van ten minste 80 000 woorde moet bevat om op tersiêre vlak aangebied te word. Wanneer vele ander faktore soos genres en streekstaal in ag geneem word, word dit duidelik dat die grammatiese ondersoek ernstige uitdagings bied. Diegene wat die paradoks tussen verstand en geloof insinueer, bedoel eintlik dat hulle hul eie veronderstellings, soos dat geen wonderwerke moontlik is nie, moet versaak sodra ons met God te make het. Die Bybel is God's woord in mensetaal. Dit impliseer mense-bemoënis van begin tot einde. Geen antwoord is finaal nie. Nuut beteken nie noodwendig beter nie. 'n Benadering tot die Bybel wat in ag neem dat die Skrif God se openbaring is, moet ernstig positief aangeslaan word. Die Skietlood wil stel dat die **Histories-Grammatiese** benadering se veronderstellings geloof koester en dat hierdie metode selfs op tersiêre vlak gebruik kan en moet word.